| | | |
|---|---|---|
| | **Plak asseblief die strepieskode-etiket hier** | **PUNTE-TOTAAL** |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur                                                    100 punte

---

**SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL**

| | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | | | | | | | |
| **Nasiener: voorletters** | | | | | | | |
| **Gemodereerde punt** | | | | | | | |
| **Moderator: voorletters** | | | | | | | |
| **Vraagtotaal** | **25** | **15** | **15** | **25** | **10** | **10** | **100** |
| **Hermerk** | | | | | | | |
| **Voorletters** | | | | | | | |
| **Kode** | | | | | | | |

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n Addendum van 12 bladsye (i–xii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die blokkies wat op die vraestel voorsien is, te skryf.**

3. In hierdie vraestel is daar ses vrae:

   VRAAG 1: Leesbegrip (25 punte)
   VRAAG 2: Voorgeskrewe gedigte (15 punte)
   VRAAG 3: Ongesiene gedig en voorgeskrewe gedig (15 punte)
   VRAAG 4: Kritiese geletterdheid (25 punte)
   VRAAG 5: Redigeringsvaardighede (10 punte)
   VRAAG 6: Opsomming (10 punte)

IEB Copyright © 2023

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

6. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS voor***. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag met 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

7. Skenk aandag aan taalversorging.

8. Drie blanko bladsye (bladsy 22 tot 24) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Indien jy hierdie ekstra spasie gebruik, dui die nommer van jou antwoord duidelik aan.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 1 LEESBEGRIP

Lees die artikel "Kat-en-muis-musiek" deur Valiant Swart (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

1.1 ***MS*** Verduidelik hoe die titel, "Kat-en-muis-musiek", verband hou met die teks. Neem meer as een moontlikheid vir die keuse van die titel in ag.

(3)

1.2 Watter voordeel het dit vir die besigheid om die atmosfeer "lig te hou" met die musiek wat in die agtergrond gespeel word?

(1)

1.3 In die teks word daar na "till-slaners" (paragraaf 3) en "kantoor-tante" (paragraaf 6) verwys. Beide verwysings kan as neerhalend beskou word. Wat is jou mening oor die spreker se woordkeuse in hierdie twee gevalle?

(2)

1.4 Wat is die verskil in betekenis tussen "vir lief" (paragraaf 3) en die woord "verlief"? Verduidelik kortliks wat die onderskeie betekenisse is.

(2)

1.5 "…danksy die subliminale oudio-aanmoediging wat hulle so lekker laat voel – en so lekker laat shop." (Paragraaf 5)

1.5.1 Wat, dink jy, word met "subliminale" bedoel?

(1)

1.5.2 Noem een uitheffingstegniek/beklemtoningstegniek wat in hierdie sinsgedeelte gebruik word. Verduidelik hoe dit bydra tot die toon van die spreker.

(2)

1.6 Wat kan jy oor die spreker se belangstellings in paragraaf 8 aflei? Noem TWEE belangstellings wat hy het. (Moenie skryf wat hy gekoop het nie.)

(2)

IEB Copyright © 2023

1.7 "…het die immer sluimerende optimis binne my gehoop." (paragraaf 9)

1.7.1 Watter afleiding kan ons uit paragraaf 10 maak met die woorde "maar helaas – …"? Jou antwoord moet verband hou met die bogenoemde aanhaling uit paragraaf 9.

(1)

1.7.2 Hoe probeer die spreker sy gevoel regverdig (paragraaf 10)? Gee twee redes. Skryf in jou eie woorde.

(2)

1.8 "Miskien was dit die *vellichor*-geur van die boekwinkel-**vondste** wat my onwillekeurig weer laat dink het aan daai klassiekemusiekplate." (paragraaf 12)

1.8.1 As "vellichor" die reuk en aantrekkingskrag van gebruikte boeke is, hoe het dit die spreker beïnvloed om terug te gaan om die klassieke langspeelplate te koop?

(1)

1.8.2 Wat is die stam van die vetgedrukte gedeelte van die woord: boekwinkel-**vondste**?

(1)

1.8.3 Gee 'n homofoon vir "vonds". Maak 'n sin met die homofoon sodat die betekenis daarvan duidelik blyk.

(1)

IEB Copyright © 2023

1.9 Waarom is die tweedehandse klassiekemusiekplate gewoonlik in 'n beter toestand as die plate van ander musiek-genres? Skryf in jou eie woorde.

(1)

1.10 ***MS*** "Want wie weet – miskien gaan daai musikale wonderwêreld op 'n mooi dag vir my oop." (paragraaf 17)

Watter afleiding kan jy uit hierdie bewoording maak oor of die spreker regtig dink dat hy eendag na dié klassiekemusiekplate gaan luister? Motiveer jou antwoord deur op die woordkeuse sowel as die gebruik van 'n **leesteken** te let.

(3)

1.11 Die spreker het sy klassiekemusiekversameling probeer "verkwansel" (paragraaf 17). Hoekom pas die woord "verkwansel" beter in hierdie leesstuk as die woord "verkoop"? Bespreek.

(2)
**[25]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2 VOORGESKREWE GEDIGTE

Lees die gedig "Negester en stedelig" deur D.J. Opperman (Teks 2A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Watter **kontras** lê in die titel opgesluit? Gee veral aandag aan die laaste twee versreëls van die gedig (versreëls 31 en 32) om jou antwoord te belig.

(2)

2.2 Watter eienskap van die kind kom sterk na vore in versreëls 14 en 15?

(1)

2.3 Hoe verskil strofes 1 en 2 van mekaar ten opsigte van die fases in die kind se lewe wat onderskeidelik in dié twee strofes beskryf word?

(2)

2.4 Watter ironie lê opgesluit in die verwysing na *donker* en *lig (stedeligte)* ten opsigte van die kind se veiligheid?

(2)

IEB Copyright © 2023

2.5 "Watter kaart of watter ster sal ek jou wys om veilig deur die grysland heen te reis,"

2.5.1 Waarna verwys "grysland"?

(1)

2.5.2 Watter afleiding kan jy uit dié aanhaling maak oor die rol wat die pa in sy kind se lewe wil speel?

(1)

Lees die gedig "Ooggetuie" deur Louis Esterhuizen (Teks 2B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

2.6 2.6.1 Hoe sluit die aanvangsreël (versreël 1) aan by die slotreël (versreël 51)? Bespreek.

(2)

2.6.2 Watter gebeure word met versreël 2 "vlek donker plasse" reeds voorspel?

(1)

IEB Copyright © 2023

2.7 "Die muurhorlosie
gryp na elf minute oor agt" (versreëls 6 en 7)

2.7.1 Benoem die beeldspraak in hierdie aanhaling.

(1)

2.7.2 Hoe dra dié besondere beeldspraak by om 'n spanningsvolle situasie te skep?

(1)

2.7.3 Op watter wyse word spanning in die gedig as 'n geheel geskep? Verduidelik aan die hand van **een voorbeeld**. (Moenie die voorbeeld in 2.7.1 vir hierdie vraag gebruik nie.)

(1)
**[15]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 ONGESIENE GEDIG EN VOORGESKREWE GEDIG

Lees die gedigte "Draai na my" deur Louis Esterhuizen (Teks 3A in die Addendum) sowel as "Herinnering" deur Elisabeth Eybers (Teks 3B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

**TEKS 3A**

3.1 "…dae wanneer/die son 'n goiingsak is agter miswolke/en alles wanstaltig teenoor mekaar/bly staan,"

Verduidelik die metafoor in bogenoemde aanhaling en hoe dit die mens se gemoedstoestand uitbeeld.

(2)

3.2 Gee 'n voorbeeld van personifikasie in strofe 1. Haal die gedeelte aan EN verduidelik wat dit in die konteks van die gedig beteken.

(2)

3.3 Op wie is die fokus in strofe 2 en hoe verander dit in die derde strofe?

(2)

IEB Copyright © 2023

3.4 Gee 'n voorbeeld van **alliterasie** uit die gedig en verduidelik hoe dit by die **toon** van die gedig pas.

(2)

3.5 "Draai na my" (titel):

Hoe kry die titel betekenis in die derde strofe en wat impliseer die spreker met hierdie woorde?

(2)

**TEKS 3A EN 3B**

3.6 **MS** Beide gedigte, "Draai na my" en "Herinnering" verwys na volwasse sowel as jeugjare. Verduidelik hoe die **jeugjare** in die twee gedigte onderskeidelik verskillend uitgebeeld word.

(4)

3.7 Hoe ondersteun die ellips in versreël 9 die titel van die gedig "Herinnering"?

(1)
**[15]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 4 KRITIESE GELETTERDHEID

### TEKS 4A

Bestudeer die advertensie van 'n dig- en skryfkompetisie wat deur Die Waarheid Media geborg word (Teks 4A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

4.1 "Skryf 'n klein fortuin los!"

4.1.1 Wat beteken hierdie woorde wat as aansporing moet dien om in te skryf vir hierdie dig- en skryfkompetisie? Skryf in jou eie woorde.

___

___

(1)

4.1.2 Verduidelik die ironiese kontras wat in die woorde "klein fortuin" opgesluit lê.

___

___

___

___

___

___

(1)

4.2 "…en nie deel is van die vervelige literêre troppe skape nie…"

Wat word met hierdie woorde geïmpliseer/gesuggereer oor die skrywers van literêre werke?

___

___

___

___

___

___

(1)

IEB Copyright © 2023

4.3 … dan het jy NOU die geleentheid om te wys waar Dawid die kreatiewe wortels gegrawe het …"

4.3.1 Watter bekende Afrikaanse idioom word hier in gewysigde vorm gebruik?

______________________________________________ (1)

4.3.2 Wat beteken die idioom in die konteks van die genoemde aanhaling?

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________ (1)

4.4 "Wees gewaarsku dat daar 'n geween en gekners van tande gaan wees…"

4.4.1 In watter bekende boek/bron kom hierdie intertekstuele aanhaling voor?

______________________________________________ (1)

4.4.2 Watter waarskuwing hou hierdie woorde in ten opsigte van die konteks van hierdie teks? Skryf in jou eie woorde.

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________ (1)

4.5 "HIER TEL … ELKE … WOORD …"

Watter twee uitheffingstegnieke/beklemtoningstegnieke word hier ingespan om die leser se aandag te trek? Verduidelik ook wat die funksie van elkeen is.

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________ (4)

4.6 Kies enige TWEE van die volgende woorde wat in die advertensie genoem word en wat in die skryfwerk neerslag moet vind:

**innoverend; oorspronklik; nuwerwets en koel.**

Skryf nou 'n sin met elk van die **twee** woorde wat jy gekies het waarin jy die betekenis van die woord verduidelik. Maak seker dat die betekenis van die woord duidelik is en jy die skryfstyl goed beskryf.

(2)

4.7 "Toe-toe, skink die kreatiewe sappies vanuit jou kraffie en skryf voor 22 Mei 2022 in. Ons sien uit om jou woorde te ontmoet."

4.7.1 Watter toon gee "Toe-toe" aan bogenoemde woorde?

(1)

4.7.2 Verduidelik enige een van die metafore wat hier gebruik word.

(2)

IEB Copyright © 2023

**TEKS 4B**

Lees die woorde wat Tobie Muller aanhaal in sy twiet (Teks 4B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

4.8 Aan watter vriendskapsgroep op Facebook behoort Tobie Muller?

______________________________________________________________ (1)

4.9 Wat is 'n argaïese uitdrukking?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4.10 Wat is die teenoorgestelde van 'n argaïsme?

______________________________________________________________ (1)

4.11 "Tweebuffelsmeteenskootmorsdoodgeskietfontein".

Hierdie woord is die benaming van 'n plek – moontlik 'n plaas.

4.11.1 Wat is jou mening oor die gewoonte om in Afrikaans woorde aanmekaar te skryf?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4.11.2 Watter voorstel sou jy maak om die uitspreek van so 'n lang woord te vergemaklik? Verduidelik.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2023 

**TEKS 4C**

Bestudeer die spotprent (Teks 4C in die Addendum) en beantwoord die vrae wat volg.

4.12 Arnoldus Pannevis wat in hierdie spotprent geskets word, was een van die vroegste skrywers in Afrikaans. Noem twee visuele elemente wat op 'n vroeë tyd in die Kaap dui.

(2)

4.13 Wat is ironies aan die slaggate waarna in die spotprent verwys word?

(2)

**[25]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 5 REDIGERINGSVAARDIGHEDE

Lees die verwerkte teks, "Brief uit Betta", deur Toast Coetzer (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

5.1 Daar is 'n **skryfteken** weggelaat op 'n woord in paragraaf 3. Skryf die woord korrek neer.

(1)

5.2 "Die groot vuur en kring mense het dadelik my oog gevang …" (paragraaf 4).

5.2.1 Skryf hierdie gedeelte van die sin in die **lydende vorm** oor.

(1)

5.2.2 Wat pas die beste by hierdie sin as jy die konteks van die teks in ag neem: die lydende of die bedrywende vorm? Motiveer jou antwoord.

(1)

5.3 Skryf die eerste sin van paragraaf 5 in die indirekte rede: "Kom eet steak saam met ons," was die eienaar Henri Vermeulen se eenvoudige uitnodiging.

(1)

5.4 Skryf "daais" (paragraaf 5) in Standaardafrikaans.

(1)

IEB Copyright © 2023

5.5 Daar is nagelaat om in paragraaf 7 van die teks 'n parentese/inlassing met die nodige leestekens aan te dui. Skryf slegs die gedeelte van die sin oor wat jy as 'n parentese beskou. Voeg ook die leestekens by.

(1)

5.6 Benoem die vetgedrukte bysin (paragraaf 8): "Cara Esterhuizen, **wat hier naby by 'n lodge werk**, onthou die keer toe sy 'n student was …" Skryf dus watter soort bysin die vetgedrukte woorde is.

(1)

5.7 Skryf **680 km** (paragraaf 10) voluit in woorde.

(2)

5.8 Korrigeer die **woordorde** in paragraaf 11. Skryf die sin korrek oor.

(1)
**[10]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 6 OPSOMMING

**Situasie:**

Fred Mouton is onlangs oorlede. Sy spotprente het altyd groot plesier aan die lesers van koerante verskaf. Jy is gevra om 'n beriggie oor ontslape Fred Mouton vir julle plaaslike skoolkoerant te skryf.

**Opdrag:**

Skryf 'n berig waarin jy Fred Mouton se benadering tot satire in sy spotprente kortliks bespreek.

**Let wel:**

- Skryf 'n titel vir jou paragraaf.
- Jou paragraaf moet uit ongeveer 100 woorde bestaan.
- Dui die woordtal onder jou paragraaf aan.
- Tel alle woorde in jou berig, ook lidwoorde (**die** en **'n**).
- Jou **inhoud** mag uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees of feite invoeg nie.
- Gebruik 'n informele styl, maar jy mag geen Engelse of slengwoorde gebruik nie.
- Jou opsomming sal volgens 'n metingskaal nagesien word.

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

**[10]**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023 

IEB Copyright © 2023